



INTERNASIONALE MARKTE - HANDELSpanNING DRUK MARKTE LAER

Gemengde tekens rakende die handelsoorlog tussen die VSA en China het in September wisselvalligheid wêreldwyd aangedryf. Beleggers het net begin opgewonde raak toe bekend gemaak is dat onderhandelinge op 7 Oktober voortgesit gaan word, maar het byna dadelik weer moed verloor toe Amerikaanse President Donald Trump in 'n toespraak by die Verenigde Nasies allerhande beskuldigings teenoor China kwytgeraak het en ook beklemtoon het dat hy nie te vinde is vir "n slegte ooreenkoms nie". Berigte het ook opgeduik dat die Withuis daaraan dink om beleggings deur Chinese beleggers in die VSA te beperk en ook die moontlikheid oorweeg om denotering van Chinese maatskappye op Amerikaanse aandeelbeurse te eis. Ondanks al hierdie gebeure het Amerikaanse markte beter as baie ander gevaar en nie eers die Spreker Nancy Pelosi se steun vir 'n plan om President Trump in 'n staat van beskuldiging te plaas, het markte te erg geraak nie.

► GOEIE MAAND VIR NASDAQ EN S&P500

Die Nasdaq het maand op maand 0.5% hoër gesluit (+20.6% jaar tot datum) danksy goeie stygings vir die aandelprys van Apple. Die S&P 500 het die maand 1.7% hoër afgesluit (+18.7% jaar tot datum) en die Dow Jones Nywerheidsindeks se syfers was +1.9% maand op maand en +15.4% jaar tot datum.

Die vernaamste Europese markte het die negatiewe sentiment en swak ekonomiese data grootliks afgeskud ná twee agtereenvolgende maande van dalings. Die Duitse DAX het maand op maand 4.1% hoër gesluit (+17.7% jaar tot datum), in Frankryk was die CAC 3.6% hoër vir die maand en staan op +20% jaar tot datum.

In die VK het die FTSE 100 maand op maand 2.8% hoër gesluit (+10.1% jaar tot datum) danksy die hoop dat rentekoerse verlaag sal word en ook ondanks voortslepende kommer oor Brexit.

In Asië het die Hang Seng in September op +1.4% teenoor Augustus gesluit (+1% jaar tot datum), die Sjanghai Saamgestelde indeks het met 0.7% gestyg en staan op +16.5% jaar tot datum.

► OLIEPRYS 13% HOËR IN 2019

Wat kommoditeite betref het ru-olie binne dae ná 'n aanval op olie-aanlegte in Saoedi-Arabië skerp gestyg. Vrese van druk op olie-aanbod het teen die einde van die maand begin verdwyn en die mark het van die skok van die aanval herstel. Die olieprys het uiteindelik slegs 0.6% hoër as in Augustus gesluit maar staan op +13% jaar tot datum. Die goudprys het in September effens terug gesak en 3.1% laer gesluit (+14.8% jaar tot datum), grootliks weens 'n verstewiging van die dollar. Ysterertspryse het die maand met 2.2% gestyg en platinumpryse het maand op maand 5% gedaal.

PLAASLIKE MARKTE - WIPPLANK VIR JSE

Die vertoning van die JSE in September is een van stygings in die eerste helfte van die maand, gevolg deur dalings. Die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het in die eerste 16 dae van die maand met 5.3% teenoor die vorige maand gestyg, danksy onverwagse internasionale optimisme, voor dit in die tweede helfte van die maand verswak het toe die voortslepende handelspanning verskerp het en swak plaaslike sakevertroue syfers bekend gemaak is. Die indeks het September 'n skrale 0.2% hoër as Augustus afgesluit. Finansiële aandele, wat in Augustus nie waffers gevaar het nie, het 'n beter maand beleef en die Fini-15 was maand op maand 1.9% hoër (-5.9% jaar tot datum) danksy goeie vertonings deur Capitec (+17.6% maand op maand) en FirstRand (+3.7% maand op maand). Hulpbronne het die swakste gevaar en die Resi-10 het maand op maand 2% laer gesluit (+5.9% jaar tot datum). Die Indi-25 was ook onder druk en het die maand 1.4% laer afgesluit (+9.4% jaar tot datum).

Wilson Bayly Holmes-Ovcon (WBHO), tans die grootste konstruksie maatskappy wat op die JSE genoteer is, was die maand se beste vertoner en sy aandeelprys het met 42.6% teenoor Augustus gestyg. In die tweede plek was die beleggingsmaatskappy Trenchor (+30.5% maand op maand) met eiendomsgroep Ham-merson plc in die derde plek met 'n maandelikse styging van 26.2%. Delta was weereens die swakste ver-toner en dié maatskappy se aandeelprys het maand op maand met 45.5% gedaal (dit het in Augustus 39.9% gedaal). Accelerate Property Fund was in die tweede plek (-41% maand op maand). 'n Ietwat swak-ker goudprys en stewiger dollar het die prys van Harmony Gold afgedruk, wat op -22.1% die derde swak-ste vertoner van September was.

► EKONOMIESE RESESSIE VERMY

Plaaslike ekonomiese data toon dat die land die tweede resessie in twee jaar vermy het toe BBP syfers bekend gemaak is dat ekonomiese groei vir die tweede kwartaal op 3.1% gestaan het. Dit is beter as wat verwag is – 'n opname deur *Reuters* het getoon dat ekonome 'n groeikoers van 2.4% verwag het. Die inflasiesyfer wat vir Augustus bekend gemaak is op 4.3%, is hoër as wat algemeen verwag is en is aangedryf deur stygings van kospryse en die pryse van nie-alkoholiese drankies. Die jongste kleinhandel-syfers toon 'n styging van 2%, jaar op jaar, vir Julie. SA het in Augustus 'n handelsoorskot van R6.8 miljard aangeteken teenoor die handelstekort van R2.9 miljard wat in Julie aangekondig is. Die SA Reserwebank se Monetêre beleidskomitee het by sy vergadering van September eenparig besluit om die repo-koers onveranderd op 6.5% te hou.

Die SA rand het in September met 0.3% teenoor die dollar en 1.2% teenoor die euro verstewig, ondanks groeiende kommer oor die konflik tussen die VSA en China nadat Amerikaanse President Donald Trump China onder meer van manipulasie van die geldeenheid beskuldig het.

► HOOP FLIKKER VIR DIE VOERTUIGBEDRYF

Verkope van nuwe voertuie het in September die hoogste totaal vir 2019 behaal en hoop laat opflikker dat die uitgerekte tydperk van dalings vir die bedryf einde se kant toe staan. Hoewel steeds laer, was totale verkope net 0.9% laer as in September verlede jaar. *Business Day* het ná die bekendmaking van die syfers berig dat 'n mate van verligting in die bedryf bespeur word. Maar die Nasionale Vereniging van Voer-tuigvervaardigers (Naamsa) waarsku dat die bedryf nie te vinnig te opgewonde moet raak nie. "Verbruikers en besighede gaan die aankoop van groot items soos voertuie steeds uitstel totdat beter ekonomiese vooruitsigte en meer stabiliteit ontwikkel," aldus *Business Day*. Uitvoersyfers lyk steeds uitstekend en *BusinessTech* het berig dat uitvoer van voertuie uit SA in 2019 'n rekord van R140 miljard kan behaal.

PLAASLIKE MARKTE

► AFGRADERING VIR ESKOM


Die sukkelende kragvoorsiener maak steeds koerantopskrifte met slegte nuus nadat aangekondig is dat graderingsagentskap Fitch Ratings sy verwagtinge vir Eskom se kredietgradering na negatief aangepas het. "Eskom se inkomste-vooruitsigte lyk glad nie goed nie," het *Business Day* ná Fitch se aankondiging berig. Die negatiewe gradering is gegrond op verwagtings van hoër insetkoste en laer verhogings van Eskom se tariewe aan verbruikers as wat die kragvoorsiener voor aansoek gedoen het.

Bronne: Anchor, Momentum, Business Day, BusinessTech, Seeking Alpha

NUUSFLITS

► AMERIKAANSE MARKTE DIE BESTE VERTONERS VAN 2019

Ondanks die groot verskeidenheid van faktore wat wisselvalligheid op internasionale markte aanblaas, vertoon Amerikaanse markte baie goed vir die jaar sover en die S&P 500 in die besonder, vaar beter as die res. "Hoewel verskeie markte vir die jaar tot datum goeie syfers toon is dit duidelik dat die VSA aan die voorpunt is, gegrond op ontleding van beursverhandelde fondsprodukte," aldus markontledingsdiens *Seeking Alpha*. Kyk na die grafiek om in 'n oogopslag te sien presies hoeveel beter die Amerikaanse beurse vaar. Brenthurst Wealth stel reeds vir jare voor dat beleggers weg van die risikos van die plaaslike mark diversifiseer. Tree met enige van ons adviseurs in verbindig om meer te weet van ons internasionale welvaartskepping strategie. Besonderhede hier: www.bwm.co.za.



MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHED E VERANDER

MAURITIUS	+230 584 35215
JOHANNESBURG	+27 (0) 11 799 8100
SANDTON	+27 (0) 10 035 1391
PRETORIA	+27 (0) 12 347 8240
NEWLANDS	+27 (0) 21 418 1236
BELLVILLE	+27 (0) 21 914 9646
STELLENBOSCH	+27 (0) 21 882 8706



BRENTHURST WEALTH IS IN 2017 AS DIE TOP BOETIEK WELVAARTBESTUURDER IN SA AANGEWYS EN WAS DIE NAASWENNER IN 2018 IN DIE INTELLIDEX PRIVATE BANKE EN WELVAARTBESTUURDERS TOEKENNINGS.